# Tafelberg-damme 2023

| ROETE: | Constantianek - Jeep track | DATUM: | 22 Julie 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Ons het hierdie roete op die program gesit om weer aan die gang te kom ná al die stappe wat uitgereeën het. Altesaam 12 mense het die Saterdagoggend by Constantianek bymekaar gekom om met die jeeppad tot op die agterste tafel te stap sodat ons kon sien hoe vol die vyf damme is ná al die reën. Ons het nie die trappies gevat nie want daar was skade aan die paadjie weens die modderstortings en die reën. Toe ons in Februarie vanjaar oor die damwal van die Hely-Hutchinson (1905) gestap het om die disas te gaan kyk, was die dam heeltemal leeg – net wit sand waar jy kyk. Hierdie keer was dit 'n heel ander prentjie. Ons eerste stop was by die De Villiers-dam (1907) waar ons op die muurtjie by die Overseers Cottage 'n broodjie geëet het en bietjie gerus het. Die Alexandra-dam (1903) en Victoria-dam (1903) was oorloop-vol. Hier was dit bitterlik koud maar ons het tot op die damwal gestap om al die water te aanskou. Daarna het ons verby die Woodhead-dam (1897) geloop en oor die Hely-Hutchinson se damwal gestap, verby die museum en toe via die Woodhead-damwal terug. Al die water gee mens 'n gevoel van oorvloed en dankbaarheid, veral na die droogte wat ons van 2015 tot 2018 beleef het. Van ons het agterna koffie gedrink by die koffiestalletjie by Constantianek. Baie dankie aan Beulagh Keulder vir die stapleiding. Klimhoogte: 569 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 14 | |
| Ulla Esterhuizen | 2023114 | R 5 | 14 | |
| Estelle Zietsman | 2023048 | R 5 | 14 | |
| Alrése Cloete | 2023053 | R 5 | 14 | |
| Altina Lottring | 2023060 | R 5 | 14 | |
| Barbara Stewart | Besoeker | R 10 | 14 | |
| Beulagh Keulder | 2023051 | R 5 | 14 | |
| Elize Viljoen | Besoeker | R 10 | 14 | |
| Esther Warnich | 2023122 | R 5 | 14 | |
| Hanna Jacobs | 2023140 | R 5 | 14 | |
| Magda Kritzinger | 2023124 | R 5 | 14 | |
| Helen Kriel | 2023083 | R 5 | 14 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 70** | **168** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Amanda |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|